PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

Rom 12:2

24 Junie 2018

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

09:00 OGGENDDIENS

dr. Braam Krüger

Skrifgedeeltes: *Gen 2: 15 - 3:3 & 3:14-21 & Ef 5: 21-33*

Fokusvers*: Gen 2:18*

Tema: God se boustene vir die samelewing: die huwelik en die gesin!

18:30 AANDDIENS

dr. Braam Krüger

Skrifgedeelte: *Romeine 12:1-2*

Fokusvers: *Romeine 12: 1-2*

Tema: Ons fundament: 'n herinnering!

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS. KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE IN DIE SAAL SAAM MET ONS NA DIE EREDIENS.

BEROEPENUUS

Beroepe bedank Ds WJ Botha (Kobus) van GK Bloemfontein-Noord na GK Durban-Noord.

Beroepe aanvaar Ds JL Lee (Jan-Louis) van GK Pietersburg-Noord na Brits.

ONS DOEN VOORBIDDING VIR:

- *Rita Coetzer is in die hospitaal opgeneem vir behandeling van longprobleme.*
- *Lorette van Jaarsveld, vrou van Vikus van Jaarsveld wat vroeer die jaar by ons uitgehelp het, is met limfkanker gediagnoseer.*
- **Beterskapwense**:Ons bid vir almal wat operasies ondergaan het of tuis aansterk of nog vir 'n operasie in die komende week moet gaan Gods seën op 'n spoedige herstel toe.
- Ons wens al doe studente en skoliere 'n rustige vakansie toe en dat hulle met nuwe ywer die tweede helfte van die jaar kan aanpak.

KERKLIKE TYDSKRIFTE

Intekening op Kerklike Tydskrifte vanaf 1 Julie 201 8 tot 30 Junie 2019

Die Kerkblad – individuele intekening R396.00 – 11 uitgawes [posgeld + BTW ingesluit]

Die Kerkblad – groepsintekening R372.00 – 11 uitgawes [posgeld + BTW ingesluit]

Die Kerkblad – elektroniese intekening R115.00 – 11 uitgawes

Die Gereformeerde Vroueblad – individuele intekening R345.00 – 11 uitgawes [posgeld + BTW ingesluit]

Die Gereformeerde Vroueblad – groepsintekening R321.00 – 11 uitgawes [posgeld + BTW ingesluit]

Die Gereformeerde Vroueblad – elektroniese intekening R115.00 – 11 uitgawes

Die Kerkblad en Die Gereformeerde Vroueblad individuele intekening en groepsintekening R616.00 – 11 uitgawes [posgeld + BTW ingesluit]

Slingervel– individuele intekening R319.00 – 10 uitgawes [posgeld + BTW ingesluit]

Slingervel – elektroniese intekening R115.00 – 10 uitgawes

Om in te teken, kontak Ina Bolt asb 084339 1136

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK			
DAG	**TYD**	**GELEENTHEID**	**KONTAKPERSOON**
Maandag	09:30	Rynpark 5 Bybelstudie	Adrie Goede 083 654 4821
Dinsdag	09:00	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie 081 218 3048
Vrydag	09:00	Bybelstudie	Braam Krüger 082 459 5636

OUDERLING DIENSBEURTE	
24 Junie	Gerrie Kriek
1 Julie	Hennie Coetzer

VERJAARSDAE 24 - 30 Junie

BAIE GELUK AAN ALMAL WAT HUL VERJAARSDAE VANDAG EN IN DIE KOMENDE WEEK VIER!

DAG	NAAM	KONTAK NO.
Vandag 24/06	Nicky van den Berg	
Ma 25/06	Neels Grobler *** Paul Kruger ***	072 179 7733 083 289 9059
Di 26/06	Elzaan Neuhoff Christel Ras	072 184 1302 078 733 5541
Wo 27/06	Andre Albasini Bossie Boshoff Quintin Nel Amelia Vermaak ☺	079 417 5600 072 644 3133 082 348 4812
Do 28/06	Bianca Bezuidenhout Hennie van Tonder *	078 229 6455 082 352 3733
Vr 29/06	Martin du Plessis ☺ Zach du Plessis ☺ Loraine Krugel Hannetjie Muller *	 083 280 7055
Sat 30/06	Minette Louw Wynand vd Wateren	 083 658 3919

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

BAIE DANKIE!

Ons wil graag ons hartlike dank uitspreek aan elke person wat by die gasvryheidsdiensgroep betrokke is. Elkeen wat altyd gereed staan om uit te help met teeskink en verversings voorsien vir funksies & begrafnisse. Die onvoorwaardelike liefde waarmee hierdie dienste gelewer word is hartverwarmend.

Beste wense; die Koördineringsdiensgroep.

LESOTHO UITREIK

Ons beplan weer 'n uitreik na Lesotho - na die St James Mission en die plaaslike dorpie en skole. Ons neem Bybels en ander boeke saam. Ons doen Bybelstudie waar ons kan en deel ook ander klere uit. Ons wil graag nie-bederfbare kosse (meel, blikkies, ens) saamvat wat vir die skool se spens gegee word, waarmee hulle op die langer termyn 'n voedingskema aan die gang kan hou.
Daar is houers in die voorportale van die kerk waarin goedere geplaas kan word.

Navrae: Lenie Venter 083 457 8861 of
Dr. Krüger

SOEK DIE BYBELVERS.

Verlede keer 17 Junie 2018 se antwoord: Josua 10:1
" Koning Adoni-Sedek van Jerusalem het gehoor dat Josua Ai ingeneem en heeltemal vernietig het, dat hy met Ai en sy koning dieselfde gedoen as wat hy met Jerigo en sy koning gedoen het, en ook dat die Inwoners van Gibeon met Israel vrede gemaak het en by hulle woon."

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:
Martie Gibson; Chrissie Pretorius; Anro van Zyl; Klein de Kock; Elma Jansen

Hierdie week: Soek die Bybelvers 24 Junie 2018
" Kyk na die ??????: hulle saai nie en hulle oes nie: hulle het geen spens of skuur nie, maar God sorg vir hulle. Julle is tog meer werd as voëls"
Vraag: *Vir watter voëls sê Jesus, sorg God daagliks wat as voorbeeld vir ons en sy dissipels moet dien?*

Lees gerus Lukas en noem watter voëls vir ons as voorbeeld van God se sorg dien in Jesus se gelykenis en verskaf die vers waar dit staan, en SMS die naam met jou Naam en Van na 082 873 3173.

TERUGVOER AN DIE GEMEENTE VANAF DIE KERKRAAD

Liewe broer en suster Die kerkraad het oor die afgelope maand drie keer vergader en ons deel graag met u van die belangrike verwikkelinge.

1. Ds. Buys se mediese emeritering: Soos julle reeds weet is Ds. Buys medies ongeskik verklaar en daar is tans 'n aansoek in proses met die versekeraar om sy ongeskiktheidseis te oorweeg.
2. Bediening in die gemeente: Bediening in die gemeente gaan voor maar die afwesigheid van Ds. Buys laat 'n groot leemte in ons bediening. Dr. Kruger behartig meeste van die eredienste en voorsien ook weekliks die toerusting en besprekingsvrae vir die wyksbyeenkomste, daar word van hulppredikers gebruik gemaak om van die dienste te behartig. Dr. Krüger hanteer alle besoeke aan en gesprekke met lidmate. As lidmate navrae het of afsprake met die predikant wil maak vra ons dat hulle asb. dit deur die kerkkantoor sal doen.
3. Begroting 2018 / 2019: Die kerkraad het pas die begroting, wat deur die finansiële diensgroep voorgelê is, goedgekeur en ons is baie dankbaar teenoor God dat ons vir die eerste keer in twee jaar nie 'n tekort op die begroting het nie. Daar is egter steeds baie nood- en dienswerk wat gedoen kan word as meer fondse beskikbaar sou wees.
4. Visitasie: Die gemeente ontvang visitasie op Woensdag 25 Julie om 19h00 in die konsistorie, as lidmate die visitatore wil sien moet hulle asseblief **vooraf** kontak maak met die skriba, br. Fritz Haasbroek.
5. Gemeentevergadering: Daar word DV 'n gemeentevergadering beplan vir Sondag 27 Julie 2018 voor die oggenddiens. Dit sal so kort moontlik wees en die agenda is soos volg:
   - Oorsig oor die gemeentefinansies
   - Visie rakende toekomstige Woordbediening in die gemeente en moontlike beroeping
6. Verklaring insake Sinode 2018 besluit aangaande VIDA: Die kerkraad het 'n verslag saamgestel rakende ons standpunt oor die vrou in die amp (na aanleiding van besluite Sinode 2018 oor hierdie saak. Die dokument is in 'n finale fase van verwerking en sal binnekort aan die gemeente beskikbaar gestel word

FEBA SOUTH AFRICA

Kortliks oor FEBA Radio: Saam met ons susterorganisasie FEBC (Far East Broadcasting Company), vorm ons 'n internasionale uitreik organisasie wat sedert 1946 die Evangelie van Jesus Christus aan die mins bereikte mensegroepe van die wêreld bedien. Ons maak gebruik van die magtige radio, maar nou ook die internet, luisterapparate en sosiale media. Nagenoeg die helfte van ons boodskappe is toegewy aan opvoedkundige onderwerpe, bv. geldsake, gesondheid, gesinslewe en menslike verhoudings. Opvolgwerk is van kardinale belang vir ons, en dit geskied na afloop van elke program.

Ons radio-uitsendings kan in ongeveer 50 lande en in 130 etniese tale gehoor word. 'n Baie belangrike aspek sedert die stigting van die organisasie is ons beleid om altyd etniese omroepers te gebruik wat dan self kultuur-relevante programme vir hul eie mensegroep in hul "hartstaal," vervaardig, wat uiters effektief is in die oordra van Jesus se liefde.

Laaste maar nie die minste nie: Ons weet die bediening is effektief, want nagenoeg 9 miljoen response jaarliks getuig daarvan!

TOEGANGBEHEER GEDURENDE DIE WEEK BY DIE KERK.

Toegangbeheer is belangrik vir almal se veiligheid. Gedurende die week is daar 'n boek waarin jou besonderhede ingevul moet word voor toegang verleen sal word. **Wees asb geduldig** met die hekwag, aangesien daar met tye swaar verkeer by die hek is, veral wanneer ander instansies ook gebruik maak van die kerkgronde.
Om dinge vir lidmate te vergemaklik is daar plakkers beskikbaar om op jou ruit te plak, wat jou dan vrywaar van intekening. Plakkers is by die kerkkantoor beskikbaar - of kontak Ina Bolt op 084 339 1136

KOLLEKTES

Kollektes van 17 Junie 2018

Diens van Barmhartigheid : R
Kerkkas : R
Jeugfonds : R

Vandag se kollektes :

Onder die diens: Diens van Barmhartigheid

By die deure: Teologiese studentekas

Volgende week: TOIBO

SOUND of MUSICals

musiekopvoering

Noteworthy Events bied op Saterdag, **8 September 2018** om **15:00** die middag 'n konsert by die NG Kerk Dalpark aan genaamd The Sound of MusiCALS.

Dis 'n heerlike saamsing-konsert met Cantare Jubiloso koor, Charlotte Kilian, Burgerd Botha, Loriska Bubb en Douwe Bijkersma as soliste en 'n klein ensemble begeleiding. Ons gaan ook vir so 1 of 2 jong opkomende nuwelinge 'n geleentheid op die verhoog gee en dan tree Cantare Jubiloso koor se acapella groep vir die eerste keer op.

Hierdie konsert sluit ook 'n "high tea" in met heerlike koek, koffie en tee.

Die normale kaartjies beloop R130,00 pp en R110,00 vir pensioenarisse en kinders, te koop by Computicket, **MAAR**…

Tot 1 Julie 2018 is daar 'n **spesiale aanbod** vir die Gereformeerde Kerk Benoni se lidmate. Kaartjies beloop slegs R100,00 pp en is by Lanie Coetzer te koop. Mense kan my skakel en ek sal dan op 'n Sondag die kaartjies vir hulle kerk toe bring.

Navrae kan aan Lanie Coetzer op 082 940 9001 gerig word.

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywilligHe finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK - ABSA
TJEK REK - 220 340 333
VERWYSING - Volle Naam, Van & Doel

OF SNAPSCAN

Diens van Barmhartigheid

Teologiese studentekas